TRANSORANJE INSTITUUT VIR BUITENGEWONE ONDERWYS (TOIBO)

NUUSBRIEF 2/2018

Oorweeg asseblief 'n spesiale deurkollekte 9 September

Geagte Dominee

Hierdie maand gee ons vir u terugvoer oor die finansiële stand van sake asook die aanwending van fondse, bestaande projekte en die toekennings aan skole vir 2018.

Die stigterslede, naamlik die drie Afrikaanse susterkerke en hul gemeentes, bly steeds die grootste bydraers tot die fondse van TOIBO, en daarom is dit belangrik dat u weet hoe die fondse aangewend is gedurende 2017.

Die inkomste van bogenoemde het toegeneem van R729,002 (2016) tot **R785,263** (2017). Daarvan het die NGK **R195,362** bygedra.

'n Totaal van R1,362,851 is aan die skole oorbetaal ten opsigte van Projek Sonskyn, Projek Onweer, Projek Opknap en minderbevoorregte kinders. Die Klein Hannes Fanus Trustfonds het R175,500 aan Prinshofskool geskenk om ou toerusting te vervang.

Posbus 13383
HATFIELD 0028

T: 012-362 0660
F: 012-362 0675
E: toibo@imaginet.co,za



PROJEKTE EN TOEKENNINGS 2018

- **Projek Sonskyn**
  R800 000
- **Projek Opknap**
  R200 000
- **Projek Leerkrag (Wêreldonderwysersdag)**
  R12 000
- **Projek Onweer**
  R50 000
- **Inkomste** vanaf die **susterverenigings** word aangewend vir hulp aan minderbevoorregte kinders. So het 102 kinders deur middel van **Projek Skoolskoen** elkeen 'n nuwe paar skoolskoene ontvang. Pep Stores het 'n verdere R5 000 se koopbewyse geskenk waarmee nog skoene aangekoop kan word.

By die Instituut en haar skole streef ons daarna om elke dag 'n verskil in 'n kind se lewe te maak. As een van ons belangrikste vennote, is u bydraes van onskatbare waarde. Dankie dat u saam met ons die belangrikheid van spesiale onderwys besef en die stigtingsopdrag na 71 jaar steeds gestand doen.

Tot ons weer gesels.

Arina Jooste
ARINA JOOSTE
UITVOERENDE BEAMPTE

DS GPJ (GERHARD) STOLTZ
WAARNEMENDE VOORSITTER

Transoranje Instituut
ABSA
Rekeningnr:
020 840 145